## AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

## SONDAG 10 MEI 2026

# SESDE SONDAG VAN PASE

## GEMEENTE DAGBOEK

### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Almal wat deur die weersveranderinge geraak word***

### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**1 Petrus 4:12-14; 5:6-11; Handelinge 1:6-14;**
**Psalm 68:1-10, 32-35; Johannes 17:1-11**

| **SONDAG, 10 MEI** | |
|---|---|
| | MOEDERSDAG<br>BIDDAG VIR GESINNE |
| 09:00 | Oggenddiens – Jeugdiens<br>Kleuter- en Kinderkerk<br>Deuroffer ten bate van: Hoop en Versoening Trust<br>Erediensspan 2 – Heidi Jonas |
| | **Na afloop van die Erediens**<br>• Gemeentetee<br>• Senior Kategese |
| **MAANDAG, 11 MEI** | |
| 19:00 | Sportmanne Bybelstudie |
| 19:00 | Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 12 MEI** | |
| 09:30 | Senior Burger Bybelstudie |
| **WOENSDAG, 13 MEI** | |
| 09:30 | Vroue Bybelstudie |
| 09:30 | Othello Bybelstudie |
| **DONDERDAG, 14 MEI** | |
| | **HEMELVAART** by Markpleinkerk (Moedergemeente) |
| 13:15 | Etensuurdiens |
| 19:00 | Aanddiens |
| **Sopkombuis** | |
| **Sopkokers:** | Marietjie Mostert, Mariana Van Schalkwyk, Ronelda Visser,<br>Joanie Hall, Riana Van Niekerk, Nadia De Koker |
| **Sop warm maak beurt:** | Delean Coetzee |

| VRYDAG, 15 MEI | |
|---|---|
| | |
| **SATERDAG, 16 MEI** | |
| | |
| **SONDAG, 17 MEI** | |
| | SEWENDE SONDAG VAN PASE<br>PINKSTER BEGIN |
| 09:00 | Oggenddiens<br>Kleuter- en Kinderkerk<br>Deuroffer ten bate van: Bybelverspreidingsfonds<br>Erediensspan 3 – Elda vd Merwe |
| | **Na afloop van die Erediens**<br>• Gemeentetee<br>• Senior Kategese |
| 19:00 | Pinksterbiduur<br>Erediensspan 4 – Robert Rootman |

# GEMEENTENUUS



1. Zerelda Esterhuizen (Zevenwacht Country Estate) se ma het slegte nuus oor haar gesondheid ontvang.
2. Sarel Esterhuysen (Avalon) is tans in die hospitaal.
3. Ds Johan Morkel (Uiterwykstraat) het 'n knie-operasie ondergaan.
4. Kallie Pauw (Gladiolistraat) sterk tuis aan.
5. Pieter Combrinck (Andanté) is steeds in die hospitaal.
6. Kobus Bouwer (Annandalestraat) is steeds in die hospitaal.
7. Petra Wickens (Brackenfell) se suster is oorlede.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK



11/05 **Lerina Venter** (92), Zita Prins, Janine Theron, Daniël Wassung
12/05 Renita Gründlingh, Rico Spies, Liané Conradie, Riaan Boshoff, IJ van der Walt, Annalien van Papendorp
13/05 Wimpie du Toit, James Gourrah
14/05 Pieter Lloyd, Tania van der Walt
15/05 Wian van Wyk, Len Barnard
16/05 Niel Matthee, Mandie Volschenk, Pieter Combrinck(86), Margaret Pitt

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. De Eike se Getuienisaksie kommissie is op soek na 'n sekretaresse om tydens die kwartaallikse vergadering die notule te hanteer. Skakel met Louis Hurter (0833382003) of die kerkkantoor.
2. Ds Adriaan is die naweek af.

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

## Hoop en Versoening Trust

Die **Hoop en Versoening Trust** (HVT) is ’n NPO wat gestig is om Suid-Afrikaners die geleentheid te gee om by te dra, uit dankbaarheid, tot die herstel/restourasie van die land. Die Hoop en Versoening Trust het die behoeftes van mense wat wil bydra, maar onseker is oor hoe om dit te doen en bang is dat hul bydraes verlore sal gaan in die huidige kultuur van verkwisting, raakgesien. Die Hoop en Versoening Trust is deur die NG Kerk in die lewe geroep om te werk aan die heropbou van ons land se mense en hul gemeenskappe. Die Hoop en Versoening Trust sien hulself as ’n geleentheid wat geskep is vir mense om **uit dankbaarheid** ’n bydrae te maak. Een van die Trust se waardes is die uiters noukeurige aanwending en bestuur van fondse.
Gemeenskappe wat deur die Hoop en Versoening Trust geraak is/word:
Ceres, Ceres-op-die-berg, Wamakersvallei, Khayelitsha, Beaufort-Wes, Helderberg, Kalkfontein, Riviersonderend, Wolseley, Porterville, George, Walmer, Sutherland. Van vroeëkindontwikkeling tot landelike ontwikkeling.

Dr Braam Hanekom **|** 021 957 7117 **|** 083 302 8639 **|** braam@kaapkerk.co.za
Webwerf: https://www.hopetrusts.org

# KOSMANDJIE

Soos ons almal weet, raak die lewe regtig nou duur.  Daarom waardeer ons elke item wat u kan bydra tot ons kosprojek.  Die produkte word uitgedeel aan gesinne in ons eie gemeente.  Hierdie is ‘n manier om anoniem te help. Baie dankie aan elkeen wat bydra, dit word opreg waardeer.



Die volgende items is tans laag :

| | | |
|---|---|---|
| melkpoeier | kondensmelk | vlapoeier |
| koffie 500g | aanmaak koeldrank 750ml | ontbytgrane |
| koekies | lekkers | koekmeel 1kg |
| bruismeel 500g | droë ertjies / boontjies | soppoeier |
| mince mate | kitspoeding | tamatiepasta |
| sout / peper / speserye | bief- / hoenderekstrak | blikkies tamaties |
| blikkies ertjies | blikkies tuna | kookolie 750ml |
| asyn 750ml | tamatiesous | blatjang |
| mayonnaise | toiletpapier | sjampoo (2 in 1) |
| aanrol – mans / dames | | |
| opwasmiddel | waspoeier | sponsies |

Nogmaals baie dankie vir elke item.

Mandjies vol groete

# BASAAR






## 30 Mei 2026



## Plante

Op soek na iets om jou huis of tuin bietjie op te kikker? Kom loer gerus in en kyk na ons pragtige verskeidenheid plante.

Ons het iets vir almal en pryse is sakpas.

Dalk stap jy weg met 'n nuwe plant of twee en so ondersteun jy die kerk.







# BASAAR – 30 MEI 2026

EINDE VAN HIERDIE MAAND HOU DE EIKE BASAAR !!!

Hier is ‘n belangrike datum en reëlings waarvan jy moet kennis neem.
Uitstaande Basaarlyste – so spoedig moontlik na kerkkantoor neem.

21 Mei – **bestanddele** by kerkkantoor. Ons sal eersdaags sê wat ons nog benodig indien jy dalk wonder wat om te gee. Indien jy nie vervoer het om dit by kerk te kry nie, kontak ons gerus en ons maak ‘n plan.

**Kontantdonasies** kan nou reeds gedoen word. Doen EFT (bankbesonderhede verskyn hieronder), kontant in gemerkte koevert in kollektebord, inbetaal by kantoor of per kaart by kantoor.

**AKKERBLARE** is beskikbaar by die kerkkantoor gedurende die week. Sondag 10, 17 en 24 Mei kan jy na afloop van die oggenddiens in die kerksaal Akkerblare koop.
Doen ‘n EFT vooraf en reël met die kerkkantoor waar en wanneer jy dit wil afhaal. Kaartbetalings kan ook gedoen word.

Ons benodig **leë roomysbakke** – 2 en 5 liter – bring na kerkkantoor of plaas in mandjies by deure.
As riglyn vir hoeveel Akkerblare jy moet koop, gee ons van die tafels se produkte se pryse solank vir julle. Ander tafels se pryse gaan wissel na gelang van produkte.

Die pryse van die kos wat by die basaar te koop gaan wees, is as volg:

| | |
|---|---|
| Hamburger | R40 |
| Boepensbroodjies | R25 |
| Kerrie & Rys - 500 ml | R50 |
| Pannekoek | R8 |
| Poeding | R25 |
| Slaaie | R30 |
| vetkoek - kerrie maalvleis | R35 |
| vetkoek - kaas en kontyt | R25 |
| Vetkoek - ongevul | R20 |
| Worsjorsies | R35 |
| Worsrolle | R30 |



**BANKBESONDERHEDE**
Rekening in naam van NG KERK KUILSRIVIER-DE EIKE
ABSA BANK – takkode 632005
Rekeningnommer 3010590069
Verwysing vir donasies – naam + basaar
Verwysing vir Akkerblare – naam + AKKERBLARE

Stuur betalingsbewys na ngkeike@cybersmart.co.za

Ons het ‘n baie bekwame span **konvenors** wat die voortou neem met die onderskeie tafels – sien die ingeslote lys. Kontak hulle gerus as jy iewers betrokke wil raak.

# DE EIKE JEUG

Ons help jongmense om God te ontdek sodat hulle Hom met oorgawe kan volg as deel van 'n geloofsfamilie.
Ons droom is dat hulle vir ander kan vertel en wys wat hulle van God ontdek het.

Kleuterkerk 3-6 jaar
Kinderkerk Gr1-6
Senior Kategese Gr7-10
Belydenisklas Gr11
Koffie chats Gr12

Almal van 3-18 jaar oud is welkom!

Vir enige registrasies gedurende die jaar, gebruik hierdie QR-kode:

# KLEUTERKERK

1. Ons is opsoek na 'n assistent/fasiliteerder om Sondagoggende tydens die erediens by die Kleuterkerk uit te help. As daar enige mammas/oumas is wat graag wil help, kontak gerus vir Joline (073 137 8995).
2. Indien daar speelgoed, leesboeke of legkaarte by die huis rondlê wat jou kinders ontgroei het, oorweeg asseblief om dit vir die Jeugbediening te skenk sodat dit in die Kleuterkerk en/of Moederskamer aangewend kan word.

# NUUS UIT DIE FINANSIESKANTOOR

Liewe vriende, ek was die afgelope week by ‘n Kerkraadsvergadering waar ons finansies nié die belangrikste saak was wat bespreek is nie. En dit is vir my goed en reg só. Ons fokus behoort te val op ons roeping as gemeente, en op die soeke na, en uitleef van die Here se wil vir elkeen van ons en ons gemeente. Fondse kan nie in die pad hiervan staan nie.
Ons taak (as Fondse kommissie) is om beskikbare fondse só te bestuur dat ons ons roeping as gemeente kan uitleef, en ons doen dit in afhanklikheid van God. Die begroting dien as ‘n samevatting van die finansiële uitwerking van die prioriteite wat ons jaarliks vir onsself stel as ‘n gemeente.

Wanneer ek dus op ‘n gereelde basis terugvoer gee oor die syfers, meet ons onsself teenoor hierdie doelwitte.

| | **Februarie 2026** | **Maart 2026** | **April 2026** |
|---|---|---|---|
| Maandelikse dankoffers | 177 494 | 194 404 | 244 329 |
| Totale inkomste | 283 673 | 295 934 | 344 159 |
| Totale uitgawes | 429 249 | 401 824 | 404 516 |
| **Surplus / (Tekort)** | **(145 576)** | **(105 890)** | **(60 357)** |

Ek weet dit maak ‘n mens bekommerd om elke maand tekorte op ons begroting te sien, maar ek kan regtig daarvan getuig dat die Here voorsien in De Eike se behoeftes op wonderbaarlike maniere.

Groete tot volgende maand,
Elmari Schwenke-van der Walt